The improved position of the societies was also reflected in their lending operations. Not only did their mortgage and other loans outstanding increase by R39 million during the period April to July 1968, which was almost double the amount of increase during the first quarter, but the rate at which new advances were granted increased to an average of R36 million per month during this period, compared with R22 million for the first quarter. Moreover, they expanded their holdings of liquid assets and other prescribed investments by R44 million, which raised the excess of these investments over the statutory minimum to R117 million at the end of July 1968.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* sowel as die Presidentsrede by die jaarlike algemene vergadering van aandeelhouers van die Bank, wat teen die einde van Augustus gepubliseer is, het oorsigte van die onlangse verwikkelinge in die volkshuishouding bevat. Alhoewel min nuwe gegewens sedertdien beskikbaar gekom het, verwys hierdie oorsig in hoofsaak na die tweede kwartaal en Julie en is bedoel om die oorsig wat in die Junie-uitgawe van die Kwartaalblad gegee is, op te volg.

Die volgende verwikkelinge in die monetêre en finansiële toestand is waargeneem op grond van meer onlangse statistiek:

(1) Nadat dit gedurende die eerste en tweede kwartale van 1968 aanmerklik toegeneem het, het geld en kwasi-geld gedurende Julie min verandering getoon, hoofsaaklik as gevolg van die welslae van die regering se lenings-optrede waardeur aansienlike bedrae van die private nie-banksektor weggetrek is deur die uitreiking van middel- en langtermyneffekte, en die reaksie op die 6 persent belastingvrye Tesourie-obligasies. Die oormatige likwiditeit van die banke het gedurende Julie afgeneem as gevolg van hierdie verskuiwing van fondse na die regering.

(2) Redelik algemene afwaartse aanpassings aan kort- en middeltermynrentekoerse is gedurende Augustus en vroeg in September aangebring. Die monetêre owerhede het nie enige stappe gedoen om 'n afwaartse beweging van korttermynrentekoerse wat gedurende Augustus plaasgevind het, teen te gaan nie, en toe die Bankkoers op 27 Augustus van 6 na $5\frac{1}{2}$ persent verlaag is, is verdere afwaartse aanpassings gemaak insluitende 'n verlaging in die koerse op bank- en bouverenigingdeposito's, bouverenigingaandele en uitleenkoerse van handelsbanke. Die Reserwebank se patroon van opbrengskoerse op korttermyn-staatseffekte is ook op 19 September verlaag.


(3) Die verlaging in die Bankkoers het tot 'n merkbare verandering in kapitaalmarktoestande bygedra. Die vraag na vaste-rentedraende effekte het aansienlik toegeneem en uitgiftes deur drie munisipaliteite gedurende Augustus en September is swaar oorvolskryf. Aandele-pryse en die omset op die Johannesburgse Effektebeurs, wat gedurende Julie afgeneem het, het gedurende Augustus en die eerste weke van September weer toegeneem.

(4) Gedurende die eerste drie weke van September het die totale goud- en buitelandse valutareserves van die Reserwebank effens afgeneem.

Nasionale rekeninge¹

Bruto binnelandse produk

Die bruto binnelandse produk het gedurende die tweede kwartaal van 1968 verder toegeneem alhoewel teen 'n effens stadiger koers as gedurende die eerste kwartaal. Indien die skommelings wat deur die rekord 1967-mielie-oes veroorsaak is, buite rekening gelaat word, het die eerste helfte van 1968 'n duidelike verbetering op die tweede helfte van 1967 getoon. Die belangrikste bydraers tot hierdie verbeterde vertoning van die volkshuishouding was fabriekswese en mynbou en gedurende die eerste kwartaal, handel.





Bruto binnelandse besteding

Nadat dit gedurende die eerste kwartaal gelyk verloop het, het bruto binnelandse besteding gedurende die tweede kwartaal van 1968 slegs 'n matige toename getoon. Dit is behalwe nienteenstaande 'n aansienlike daling in totale voorrade. Vanaf die tweede kwartaal van 1967 het totale voorraadinvestering vir die volgende vier

¹ Die ontleding in hierdie deel van die Oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallikse ramings van die nasionale rekeninge, *ná uitskakeling van die seisoensinvloed*. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaallikse verwikkelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.

kwartale voortdurend gedaal en gedurende die tweede kwartaal van 1968 in werklikheid 'n aansienlike negatiewe bedrag beloop. Tot 'n sekere mate was dit toe te skryf aan 'n afname in landbouvoorraad, maar voorrade van handels- en nywerheidsondernemings het ook aannmerklik gedaal.

Soos gedurende die eerste kwartaal het private verbruik gedurende die tweede kwartaal van 1968 merkbaar toegeneem. Dit was in skerp teenstelling met die gedrag van private verbruik gedurende die tweede helfte van 1967, toe 'n duidelike neiging om meer gelyk te verloop merkbaar was. Dit wil voorkom of die koers van besteding aan duursame goedere gedurende die tweede kwartaal selfs effens versnel het.



Lopende besteding deur die algemene owerheid het insgelyks die skerp toename wat in die eerste kwartaal van 1968 begin het, voortgesit en, alhoewel dit slegs een-vyfde van private verbruiksbesteding bedra, 'n wesenlike bydrae tot die toename in bruto binnelandse besteding gelewer.

Totale binnelandse vaste investering het 'n matige afname gedurende die tweede kwartaal van 1968 getoon vergeleke met 'n toename van ongeveer dieselfde omvang gedurende die eerste kwartaal. Private vaste investering het vir die derde opeenvolgende kwartaal gedaal – 'n neiging wat in hoofsaak die gevolg was van die verloop van vaste investering in fabriekswese en konstruksie. Vaste investering deur openbare korporasies het ook afgeneem terwyl dié van openbare owerhede slegs 'n klein toename getoon het na die skerp styging gedurende die eerste kwartaal.

Produksie en werkverskaffing



Die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie het van 198·0 in April tot 203·7 in Mei 1968 toegeneem. Vergeleke met 'n ge-

middelde maandelikse indeks van 196·4 gedurende die tweede helfte van 1967, wat 'n gelyke verloop in produksie verteenwoordig het, het dit na 'n ietwat hoër vlak van 199·4 gedurende die eerste vyf maande van 1968 toegeneem. Nadat dit gedurende die tweede helfte van 1967 skerp gedaal het, het die waarde van onvoltooide bestellings vir uitgesoekte nywerheids-groepe tussen Desember 1967 en April 1968 toegeneem maar in Mei weer effens gedaal. Syfers vir die volume van goud- en ander mynbouproduksie en mynbouwerskaffing vir Junie 1968 toon dat hierdie groothede teen die relatief hoë vlakke gebly het wat gedurende die voorafgaande maande bereik is.

Die seisoensaangesuiwerde indeks van geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate het gedurende onlangse maande afgaarts beweeg om 'n vlak van 73·4 in Julie te bereik; in Desember 1967 het hierdie indeks op 82·4 gestaan.

Algemene ekonomiese aanwysers

Die indruk dat ekonomiese aktiwiteit na 'n ietwat hoër vlak in die eerste helfte van 1968 gestyg het, word ook



deur ander aanwysers van reële ekonomiese aktiwiteit ondersteun. Die jongste gegewens beskikbaar vir reekse soos die waarde van geboue voltooi, nuwe voorskotte deur bouverenigings, die waarde van groothandelsverkope van boumateriaal, diefisiese volume van sementproduksie, die aantal nuwe motors en handelsvoertuie verkoop, klein- en groothandelsverkope, die produksie van verpakkingsmateriaal, spoorweginkomste en die verbruik van staal, versterk almal hierdie indruk. In teenstelling met die meer gedempte gedrag van die aanwysers van reële aktiwiteit, het reekse soos bankdebeteringe en die pryse van nywerheids- en handelsaandele sterk stygtings getoon.

Pryse

Nadat dit teen 'n jaarlikse koers van slegs 0·3 persent van Junie na Desember 1967 toegeneem het, het die koers van toename van die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks na 2·4 persent gedurende die eerste sewe maande van 1968 versnel. Hierdie verandering was grootliks toe te skryf aan 'n verandering in voedselprys wat teen 'n koers van 1·6 persent gedurende die tweede helfte van 1967 gedaal het en daarna teen 'n koers van 3·5 persent gedurende die eerste sewe maande van 1968 toegeneem het, terwyl vir ander prys die koers van 1·2 persent na 1·8 persent verander het.

Verbruikersprysindeks – seisoensinvloed uitgeskakel Jaarlikse persentasiekoers van verandering

Tydperk	Voedsel	Ander	Totaal
Desember 1964–Junie 1967	3·6	3·5	3·5
Junie 1967–Desember 1967	-1·6	1·2	0·3
Desember 1967–Julie 1968	3·5	1·8	2·4

Die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks het 'n soortgelyke verloop getoon en het verander van 'n geringe daling teen 'n jaarlikse koers van 0·3 persent gedurende die laaste helfte van 1967 na 'n toename teen 'n koers van 1·0 persent gedurende die eerste sewe maande van 1968. Hierdie verandering was geheel en al toe te skrywe aan die onreëlmataige gedrag van landbouprys, wat teen 'n koers van 10·6 persent gedurende die laaste helfte van 1967 gedaal het en daarna teen 'n koers van 4·4 persent gedurende die daaropvolgende tydperk toegeneem het.

Groothandelsprysindeks – seisoensinvloed uitgeskakel Jaarlikse persentasiekoers van verandering

Tydperk	Goedere geproduseer in S.A.					
	Land-	Fa-	Inge-	Totaal voerde	Totaal	voerde
bou,	brieks-	wese				
Des. 1964–Junie 1967	5·2	3·2	3·6	2·2	3·2	
Junie 1967–Des. 1967	-10·6	1·4	-0·8	1·0	-0·3	
Des. 1967–Julie 1968	4·4	0·6	1·2	0·4	1·0	

Betalingsbalans


Oorskot op lopende rekening


Die peile wat onderskeidelik deur goedere-invoer en -uitvoer teen die einde van die vorige jaar bereik is, is min of meer gedurende beide die eerste en die tweede kwartaal van hierdie jaar gehandhaaf. Gevolglik het die betalingsbalans in lopende rekening gedurende die tweede kwartaal 'n oorskot van R41 miljoen getoon vergeleke met R44 miljoen gedurende die eerste kwartaal of teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer R200 miljoen in beide kwartale.

Gedurende Julie en Augustus het goedere-invoer ongeveer die peil wat dit gedurende die eerste helfte van die jaar bereik het, gehandhaaf, terwyl die uitvoer, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, nadat dit skerp gestyg het tot R1,774 miljoen in Julie, tot R1,391 miljoen in Augustus gedaal het.

Aansienlike netto invloeiing van kapitaal

Die gebeure wat gevolg het op die sterlingdevaluasie in November 1967, sowel as die verklaring wat deur die goudpoel-lande in Maart 1968 uitgereik is, was heelwaarskynlik tot 'n groot mate verantwoordelik vir die groot netto kapitaalinvloeiing van R256 miljoen gedurende die eerste ses maande van die jaar. Totale private netto kapitaalinvloeiing van R108 miljoen gedurende die eerste kwartaal van die jaar is gevolg deur 'n verdere netto invloeiing van R112 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Soos in die eerste kwartaal, toe dit R36 miljoen beloop het, was die netto invloeiing van private kapitaal as gevolg van transaksies deur buitelanders op die Johannesburgse Effektebeurs gedurende die tweede kwartaal redelik groot, naamlik R25 miljoen.





veral as in aanmerking geneem word dat geen veranderings aan die bestaande valutabeheerregulasies wat betref die repatriasie van fondse deur buitelanders in genoteerde Suid-Afrikaanse effekte belê, aangebring is nie. Sentrale regerings- en bankkapitaal het 'n matige invloeiing van R17 miljoen gedurende die tweede kwartaal getoon vergeleke met 'n netto invloeiing van R19 miljoen gedurende die eerste kwartaal.

Goud- en buitelandse valutareserves

As gevolg van die gunstige saldo op die lopenderekening en die netto invloeiing van kapitaal waarna hierbo verwys is, het die totale goud- en buitelandse valutareserves gehou deur die Reserwebank, die Regering en die res van die banksektor met 'n verdere R170 miljoen gedurende die tweede kwartaal van die jaar toegeneem. Saam met die toename van R171 miljoen in die eerste kwartaal, het die toename in die land se totale reserwes nie minder nie as R341 miljoen gedurende die eerste ses maande van die jaar beloop. Gedurende Julie het die reserwes met 'n verdere R77 miljoen toegeneem en dit word geraam dat die toename gedurende Augustus ongeveer R30 miljoen beloop het. Gedurende die eerste drie weke van September het die reserwes egter geneig om af te neem.

Op 31 Julie, het die Minister van Finansies aangekondig dat, met inagneming van die peil van totale buitelandse valutareserves, meer simpatieke oorweging gegee sal word aan die volgende aansoeke om buitelandse valuta: oorplasing na die buitenland in vreemde valuta van die plaaslike opbrengs uit die verkoop van regstreekse langtermynbeleggings in aandele in buitelandbeheerde Suid-Afrikaanse sake-ondernehemings; goedgekeurde regstreekse belegging in die buitenland deur Suid-Afrikaanse inwoners; die delging voor vervaldatum van lenings deur Suid-Afrikaanse inwoners aan buitelanders verskuldig. Die Minister het ook te kenne gegee dat indien hierdie toegewings nie die gewensde uitwerking het om die oormatige likwiditeit te verminder nie, verdere valutabeheerstappeoorweeg sal word.

Monetêre en banktoestand

Verdere toename in die likwiditeit van die private nie-banksektor

Wanneer die toename in die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gehou deur private sake-ondernehemings en individue met die groei in die binnelandse produk vergelyk word, is dit duidelik dat die betreklik hoë peil van die likwiditeit van die private nie-banksektor gedurende die eerste en tweede kwartale van 1968 voortgeduur het. Die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk het gedurende die tweede kwartaal van 1968 tot 'n nuwe hoogtepunt van net meer as 30 persent gestyg, in vergelyking met 'n gemiddelde van omstreeks 26 persent wat gedurende die jare 1955 tot 1964 aangeteken is.



'n Noukeuriger bestudering van die veranderings in geld en kwasi-geld bring aan die lig dat, indien seisoensbewegings uitgeskakel word, die hernieuwe skerp stygging in geld en kwasi-geld wat in die vierde kwartaal van 1967 begin het, gedurende die eerste en tweede kwartale van 1968 voortgeduur het. Hierdie baie vinnige toename, wat gedurende die eerste ses maande van 1968 gemiddeld nagenoeg R50 miljoen per maand bedra het, is egter gedurende Julie deur 'n nietige stygging van slegs R3 miljoen gevolg, soos in die onderstaande tabel getoon word.

Veranderings in geld en kwasi-geld


	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie R miljoene	Seisoensinvloed uitgeskakel R miljoene	Seisoensinvloed uitgeskakel Persentasie
1967: 3e kw.	3	11	0·4
4e kw.	186	87	3·3
1968: 1e kw.	-23	146	5·3
2e kw.	228	148	5·1
Julie	—	3	0·1

Oorsake van stygging in geld en kwasi-geld

Die bygaande tabel toon dat die oorheersende oorsaak van die vinnige stygging in geld en kwasi-geld gedurende sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1968 bestaan

Hoofoorsake van verandering in geld en kwasi-geld, 1968 R miljoene

	Seisoens-invloed nie uitgeskakel nie			Seisoens-invloed uitgeskakel		
	1e kw.	2e kw.	Julie	1e kw.	2e kw.	Julie
Netto goud- en buitelandse valutareserves . . .	158	159	95	155	182	77
Netto eise teen die regeringsektor . . .	-214	61	-81	-110	—	-48
Eise teen die private sektor . . .	60	12	24	52	-8	19
Langtermyndeposito's (toename -, afname +) . . .	-21	-51	-21	-7	-17	-38



het uit die volgehoue skerp toename in die netto goud- en buitelandse valutareserwes wat oor hierdie ses maande nie minder as R317 miljoen bedra het nie. Die totale eise van die monetêre banksektor teen die private sektor wat, ná seisoensaansuiwering, gedurende die eerste kwartaal van 1968 R52 miljoen tot die stygging in geld en kwasi-geld bygedra het, het in werklikheid gedurende die tweede kwartaal van hierdie jaar met R8 miljoen gedaal.

Die bydrae van hierdie faktore tot die toename in geld en kwasi-geld is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n daling in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor wat teen die middel van 1966 begin het en gedurende die eerste sewe maande van 1968 verder voortgegaan het. Gedurende laasgenoemde periode het hierdie daling ná aansuiwering vir seisoensbewegings R158 miljoen bedra en was dit hoofsaaklik die gevolg van die aansienlike stygging in regeringsdeposito's wat die toename in die monetêre banksektor se besit aan skatkiswissels en staatseffekte oorskry het. Regeringsdeposito's het aan die einde van Julie 'n rekordpeil van R693 miljoen bereik, wat byna R200 miljoen meer was as aan die einde van die eerste kwartaal en meer as R400 miljoen bo die peil wat aan die einde van Desember 1967 aangeteken is.

Dit is belangrik om op te merk dat die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor opvallende seisoenskommelings getoon het. Dit blyk uit 'n vergelyking van die syfers betreffende die netto eise teen die regeringsektor voor en na aansuiwering vir seisoensneigings, soos in die tabel waarna hierbo verwys is, getoon word.

Gedurende Julie het geld en kwasi-geld, selfs ná aansuiwering vir seisoensbewegings, min verandering getoon ten spyte van die voortgesette stygging in die netto goud- en buitelandse valutareserwes wat in werklikheid gedurende hierdie maand vinniger was as gedurende enige voorafgaande maand sedert die begin van die huidige opwaartse beweging in hierdie reserwes in Junie 1967. Sekere faktore, soos 'n verdere daling in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor en 'n betreklik vinnige toename in die langtermyndeposito's van die private sektor by die banksektor, het die uitwerking van die groot stygging in die goud- en buitelandse valutareserwes geneutraliseer.

Bankkrediet aan die private sektor

Hoewel die totale eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende 1968 nie naastenby soveel as die goud- en buitelandse valutareserwes tot die toename in geld en kwasi-geld bygedra het nie, het daar, onder die invloed van die voortgesette beleid van regstreekse beperkings wat op die diskonteringe en voorskotte aan en sekere beleggings by die private sektor toegepas is, interessante veranderings in die samestelling van hierdie eise voorgekom. Die bygaande

Veranderings in eise teen die private sektor, 1968

R miljoene

	1e kw.	2e kw.	Julie
Eise van:			
Reserwebank, NFK en diskontohuise	-11	-6	-2
Landbank	-59	-26	+25
Handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke:			
Diskonteringe en voorskotte	+90	-5	-3
Beleggings	+35	+44	+1
Depositos	+3	+6	+3
Sub-totaal	+129	+44	+2
Totale eise	+60	+12	+24

tabel toon dat die totale diskonteringe en voorskotte van die monetêre banke (oorwegend dié van die handelsbanke) aan die private sektor, wat gedurende die eerste kwartaal van 1968 gedeeltelik as gevolg van seisoensinvloede skerp toegeneem het, gedurende die tweede kwartaal van 1968 en in Julie ietwat gedaal het.

Beleggings het egter voortgegaan om taamlik vinnig te styg, gedeeltelik deurdat die banke gedurende die tweede kwartaal gebruik gemaak het van sekere toegewings buite die beleggings- „plafon“ wat in Mei 1968 ingestel is, wat vanweë vroeëre verbintenisse van die banke toegestaan moes word. Nietemin het ongeveer R28 miljoen van die stygging van R44 miljoen in die beleggings van die banke by die private sektor gedurende die tweede kwartaal bestaan uit toenames in hul besit van effekte, obligasies en wissels van plaaslike besture, die Landbank en ander openbare korporasies, wat nie aan die plafon onderhewig is nie, terwyl nie meer nie as R16 miljoen uit effekte, obligasies en aandele van ander private maatskappye bestaan het. Kaskrediete van die Landbank het hul gewone seisoensbewegings getoon en gedurende die eerste kwartaal gedaal voordat dit gedurende Julie begin styg het.

Aanpassing van die bankkredietplafon

In die lig van heersende ekonomiese omstandighede soos hierbo bespreek, het die President van die Reserwebank in sy rede op die jaarlikse algemene aandeelhouersvergadering van die Bank op 27 Augustus 1968 aangekondig dat die volgende aanpassings in die bestaande kredietbeheer gemaak sou word:

(1) Met betrekking tot die beheerde diskonteringe en voorskotte van monetêre banke aan die private sektor sou die verlaging van $7\frac{1}{2}$ persent in die plafon, wat oorspronklik in Desember 1966 aangebring is, met ingang 1 September 1968 afgeskaf word. Die nuwe plafon sou dus gelyk wees aan die peil van diskonteringe en voorskotte soos aan die einde van Maart 1965. Die bedrag van die spesiale toegewings wat buite die geldende plafon aan die monetêre banke toegestaan is, met uitsondering van dié wat op openbare korporasies en

enkele ander leners betrekking gehad het, sou egter by die nuwe plafon ingesluit word.

(2) As 'n spesiale toegewing sou monetêre banke vanaf 1 September toegelaat word om in die vorm van diskonteringe en voorskotte 'n verdere bedrag gelyk aan een persent van hul nuwe plafon aan kleiner sake-onderneemings beskikbaar te stel.

Groot oorskot likwiditeit van die banke

Soos die bygaande tabel toon, het die oorskot likwiditeit bates van handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke, wat gedurende die eerste kwartaal van 1968 gedaal het, weer tot 'n betreklik hoë peil aan die einde van Junie toegeneem voordat dit gedurende Julie ietwat afgeneem het. Hierdie veranderings is gedeeltelik veroorsaak deur die seisoenale verskuiwings van fondse tussen die private en die regeringsektor en die suksesvolle leenbedrywigheid van die regering gedurende Julie.

Oorskot likwiditeit bate-verhoudings (%)

	1967	1968		
	Des.	Mrt.	Jun.	Jul.
Handelsbanke	14·5	7·8	12·6	10·5
Aksepbanke	12·5	10·8	14·4	10·7
Monetêre huurkoop- en algemene banke	11·0	10·5	12·6	10·4

Korttermynrentekoerse

Die vinnige styging in die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank, wat tot aan die einde van Julie voortgeduur het, het nie slegs hoë likwiditeit van die banksektor en die private sektor tot gevolg gehad nie maar ook afwaartse druk op korttermynrentekoerse uitgeoefen. Hoewel die monetêre owerheid gedurende die eerste paar maande van 1968 die korttermynrentekoerse om beleidsredes op 'n betreklik hoë peil gehou het, het vanaf April tot Junie 'n dalende neiging na vore getree wat bygedra het tot die verlaging, op 28 Junie 1968, van die „stel“ koerse van die Reserwebank met $\frac{1}{4}$ persent tot $5\frac{1}{4}$ persent ten opsigte van staatseffekte met looptye van 3 tot $3\frac{1}{2}$ jaar, asook tot die afwaartse aanpassing van koerse op effekte met looptye tot by $6\frac{1}{2}$ jaar volgens 'n wisselskaal. In Julie het korttermynrentekoerse weer gestyg voordat in Augustus 'n afwaartse beweging begin het. Deur die verlaging van die Bankkoers van 6 tot $5\frac{1}{2}$ persent op 27 Augustus is amptelik erkenning gegee aan 'n ordelike verdere afwaartse aanpassing van korttermynrentekoerse. So het die skatkiswisselkoers, wat vanaf die einde van Maart 1967 rondom 5 persent geskommel het, vanaf 5·00 persent op 2 Augustus tot 4·68 persent op 13 September 1968 gedaal. Ander geldmarkkoerse, waaronder die koerse op daggeld en ander deposito's het ooreenkomsstige bewegings getoon.

Gedurende die eerste sewe maande van 1968 het die Tesourie en die Reserwebank verskeie maatreëls toegepas om die invloede wat op groter ruimte in die geldmark afgestuur het, soveel as moontlik te neutraliseer en om die mark van beleggingsgeleenthede te voorsien. Gedurende hierdie tydperk is die toename van R393 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank deur die vernouende uitwerking van 'n afname van R465 miljoen in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie teen die regeringsektor en die private nie-banksektor geneutraliseer. Dit is op sy beurt grotendeels bewerkstellig deur die buitengewoon groot toename in regeringsdeposito's van nie minder nie as R591 miljoen oor hierdie sewe maande. Hoewel hierdie toename in regeringsdeposito's gedeeltelik die gevolg was van 'n toename van R162 miljoen in die skatkiswissels en staatseffekte wat deur die diskontohuise en ander monetêre banke gehou is, het 'n aansienlike deel van die toename in regeringsdeposito's fondse verteenwoordig wat aan private nie-bank-sake-onderneemings en individue onttrek is. Hierdie optrede het nie net die afwaartse druk op korttermynrentekoerse verlig nie maar het ook die bedrag aan geld en kwasi-geld in die hande van nie-bank-sake-onderneemings en individue en die likwiditeit van die banke self verminder, en hou verband met die „disinflasionistiese“ finansiering van die tekort van die Skatkis wat hieronder bespreek sal word.

In aanvulling tot hierdie steriliseringsbedrywigheide van die Tesourie het die Reserwebank ook die handelsbanke aangemoedig om onder die sogenaamde „swop“-ooreenkomste meer korttermynfondse in die buiteland te belê en daardeur die bedrag aan korttermynfondse wat op die plaaslike geldmark beleggingsgeleenthede gesoek het, verminder. Die Reserwebank het ook die



Tesourie gehelp om beleggingsgeleenthede aan die geldmark te voorsien deur op 'n spesiale terugkopingsgrondslag Landbankwissels aan die diskontohuise te verkoop. Toe die toestand op die geldmark teen die einde van Julie en vroeg in Augustus aansienlik vernou het, het die diskontohuise egter nie net weer Landbankwissels aan die Reserwebank terugverkoop nie maar moes hulle ook tot 'n taamlik aansienlike bedrag van die Reserwebank leen.

Gedurende Augustus het die toestand op die geldmark weer aanmerklik verruim toe die regeringsdeposito's vanaf die hoogtepunt wat hulle aan die einde van Julie bereik het, begin daal het, terwyl die netto goud- en buitelandse valutareserves van die Reserwebank horisontaal verloop het op 'n baie hoë peil van meer as R840 miljoen. Gevolglik het die skatkiswisseltenderkoers vanaf 2 Augustus taamlik skerp begin daal en toe die Bankkoers op 27 Augustus verlaag is, het dit verder gedaal en op 13 September 1968 4·68 persent bereik, die laagste peil in twintig maande. Gedurende Augustus het verskeie individuele bankinstellings begin om hul depositokoerse afwaarts aan te pas en, volgende op die verlaging van die Bankkoers, het die handelsbanke en bouverenigings byna onmiddellik 'n verlaging van $\frac{1}{2}$ persent in al hul depositokoerse aangekondig, terwyl 'n beslissing van die handelsbanke om hul koerse op oortrokke bankrekeninge te verminder 'n week later geneem en vanaf 10 September van krag gemaak is. Die bouverenigings het ook op 23 September die koers op hul belastingvrye aandele van $6\frac{1}{2}$ persent na 6 persent verminder, terwyl die Reserwebank besluit het om vanaf 19 September sy „stel“ koerse vir staatseffekte met 'n looptyd van drie jaar met $\frac{1}{4}$ persent tot 5 persent te verlaag en die koerse op sekere van die kort- en middeltermyneffekte aan te pas, terwyl die maksimum van $6\frac{1}{2}$ persent op effekte met 'n looptyd van 25 jaar of langer behou is. Ná hierdie aanpassings was die depositokoerse soos volg: spaardeposito's 4 persent, vaste deposito's van 12 maande $6\frac{1}{2}$ persent, vaste deposito's van ses maande $4\frac{3}{4}$ persent, vaste deposito's van drie maande 4 persent, en bouverenigingaandele 6 persent.

Staatsfinansies

Skatkisrekening

Soos die bygaande tabel toon, het die totale tekort (uitgesonderd lenings) op die Skatkisrekening gedurende die eerste vier maande van die huidige fiskale jaar, dit wil sê vanaf April tot Julie 1968, R55 miljoen bedra, vergeleke met 'n heelwat kleiner tekort van R37 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1967. Die Regering het weer daarin geslaag om hierdie tekort op 'n „disinflasionistiese“ wyse te finansier en die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor het met R251 miljoen gedurende hierdie vier maande gedaal, terwyl sy netto skuldposisie teenoor

Skatkisfinansies

R miljoene

	1967	1968		
	Apr./ Jun.	Julie	Apr./ Jun.	Julie
Totale tekort, uitgesonderd lenings	34	3	66	-11
Finansiering:				
Verandering in netto skuldposisie teenoor:				
Buitelandse sektor	-23	-2	12*	11
Private nie-banksektor	18	26	71	61
Staatskuldkommissaris	38	3	136	15
Betaalmeester-generaal en bestaansbeveiligingsfondse	20	-20	—	—
Sub-totaal	53	7	219	87
Monetêre banksektor:				
Verandering in besit aan staatspapier	25	20	87	57
Verandering in skatkissaldo (toename -, afname +)	-44	-25	-240*-155	
Sub-totaal	-19	-5	-153	-98
Totale finansiering	34	3	66	-11

*Na aansuiwing vir die belegging oorsee van die opbrengs van buitelandse lenings.

die private nie-banksektor, die Staatskuldkommissaris en die buitelandse sektor onderskeidelik met R132 miljoen, R151 miljoen en R23 miljoen gedurende hierdie tydperk toegeneem het.


Die afname in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor was die gevolg van 'n styging van R394 miljoen in die skatkissaldo en 'n toename van slegs R143 miljoen in die monetêre banksektor se besit aan staatseffekte en skatkiswissels.

Die geslaagde onttrekking van fondse aan die private nie-banksektor wat die Skatkis se netto skuldposisie teenoor hierdie sektor gedurende die vier maande April tot Julie 1968 met R132 miljoen verhoog het, het 'n belangrike bydrae tot die „disinflasionistiese“ finansiering van die Skatkis se tekort gedurende hierdie tydperk gelewer. Van hierdie bydrae is R25 miljoen in die vorm van leningsheffings ontvang, R32 miljoen is deur die uitreiking van belastingvrye Tesourie-obligasies opgeneem, terwyl die oorblywende gedeelte hoofsaaklik uit beleggings in bemarkbare papier bestaan het waarvan 'n gedeelte inskrywings op die nuwe regeringslenings gedurende Julie verteenwoordig het. Aansoeke vir die baie geslaagde belastingvrye Tesourie-obligasies is op 14 September gesluit nadat 'n bedrag van meer as R155 miljoen opgeneem is sedert die obligasies in September verlede jaar vir inskrywing beskikbaar gestel is.

Kapitaalmark

Aandelepryse en -opbrengskoerse


Die vraag na gewone aandele wat na die devaluasie van sterling in November 1967 buitengewoon sterk geword het, het die belangrikste kenmerk van die kapitaalmark



gedurende die eerste helfte van 1968 gebly. Aansienlike nuwe uitgiftes van gewone aandele ten bedrae van R80 miljoen is gedurende die tweede kwartaal op die Johannesburgse Effektebeurs gemaak, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van slegs R7 miljoen vir die vyf maande November 1967 tot Maart 1968. Nie-teenstaande hierdie verhoogde vraag na aandelekapitaal, het aandelepryse en die omset op die Effektebeurs 'n aansienlike verdere styging tot Junie 1968 getoon wat op 'n selfs groter aanbod van fondse wat 'n beleggingsgeleenheid in aandele gesoek het, geduihet.

Gedurende Julie vanjaar het die prys van die meeste klasse van aandele, met die uitsondering van finansiële mynaandele, vanaf die hoogtepunte wat gedurende die voorafgaande maand aangeteken is, gedaal. 'n Verandering is ook in die effektebeursomset weerspieël wat in Julie tot heelwat laer as die gemiddeld vir die tweede kwartaal gedaal het. Hierdie verwikkelinge asook die feit dat die uitreiking van nuwe aandele ten bedrae van R41 miljoen gedurende Julie relatief hoog was, het oënskynlik daarop gedui dat hoewel die vraag na aandelekapitaal nog groot was, die aanbod van fondse in die aandelemark gedurende Julie kleiner was as gedurende vroeëre maande. Die bedrywigheid op die Effektebeurs het egter weer gedurende Augustus en in besonder gedurende die eerste weke van September gestyg.

In hierdie omstandighede het die gemiddelde opbrengskoers op goudmynaandele vanaf 6·6 in Junie tot 7·1 persent in Julie gestyg, terwyl dié op nywerheids- en handelsaandele wat tot benede 4 persent in Junie gedaal het, tot ongeveer 4 persent in Julie gestyg het.



Effektetrusts

Hoewel die effektetrusts gedurende die eerste sewe maande van 1968 voortgegaan het om teen 'n betreklik vinnige koers uit te brei, het die koers van uitbreiding na April 1968 effens afgeneem. So het die vloeiing van fondse vanaf die publiek na die effektetrusts, soos gemet deur die netto verkope van onderaandele, R46 miljoen gedurende die drie maande Mei tot Julie bedra, vergeleke met 'n invloeiing van R54 miljoen gedurende die voorafgaande drie maande. Desnieteenstaande het die markwaarde van hulle netto bates vanaf R173 miljoen aan die einde van April tot R209 miljoen aan die einde van Junie gestyg en toe met slegs R4 miljoen gedurende Julie toegeneem.

In ooreenstemming met die verdere toename in die markwaarde van die trusts se netto bates, het die indeks van verkoopprysse van onderaandele (Junie 1965 =100) vanaf 175 in April tot 183 in Junie gestyg en toe gedurende Julie onveranderd gebly. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandele het dienoor-eenkomsdig vanaf 2·5 persent tot 2·4 persent oor hierdie tydperk gedaal.

Toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte

Nieteenstaande die voorkeur van beleggers vir gewone aandele teenoor vaste-rentedraende beleggings, wat sekere openbare korporasies en maatskappye gedurende die vierde kwartaal van 1967 daartoe beweeg het om die opbrengskoerse op hulle vaste-rentedraende effekte te verhoog, is die opbrengskoerse op langtermyn-prima- en semi-prima-effekte en op skuldbriewe van maatskappye gedurende die eerste agt maande van 1968 onveranderd op onderskeidelik $6\frac{1}{2}$, $7\frac{1}{4}$ en $8\frac{1}{2}$ persent gelaat.

Gedurende die eerste kwartaal van 1968 het die lenings wat deur die Regering uitgeskryf is, bevredigende reaksie uitgelok, terwyl dit volgens die beskikbare inligting wou voorkom asof die vraag na fondse in die mark vir semi-prima-effekte betreklik groot gebly het. Gedurende die tweede kwartaal van 1968 is 'n beperkte bedrag aan nuwe kapitaal in hierdie mark opgeneem en gevoldig was daar onvoldoende inligting oor die grondliggende vraag- en aanbodtoestande teen die bestaande rentekoerse beskikbaar. 'n Redelike groot bedrag aan nuwe uitgifte van effekte is egter vir die derde kwartaal van 1968 beplan en geoordel volgens die uitgifte wat tot dusver gedurende hierdie tydperk afgehandel is, wil dit voorkom asof daar bepaald 'n beter ewewig tussen vraag en aanbod teen die heersende rentekoerse ontwikkel het. So was die twee regeringslenings wat gedurende Julie uitgeskryf is, besonder suksesvol en inskrywings van nie minder nie as R125 miljoen is op hierdie uitgifte ontvang. Hierbenewens was drie munisipale uitgifte gedurende Augustus en September in 'n aansienlike mate oorvoltken en in al die gevalle het aansoeke vir die nuwe

effekte meer as dubbeld die bedrag wat vir inskrywing aangebied is, bedra.

Bouverenigings

Gedurende die vier maande April tot Julie 1968 het die invloeiing van nuwe fondse na die bouverenigings aamerklik toegeneem en het R61 miljoen bedra, waarvan R41 miljoen gedurende die tweede kwartaal ontvang is teenoor R29 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Aandelekapitaal het R34 miljoen tot hierdie toename gedurende die viermaande-tydperk onder beskouing bygedra, terwyl die toename in hulle vaste en spaardeposito's onderskeidelik R26 miljoen en R1 miljoen beloop het.

Die aansienlike belegging deur die publiek in bouverenigingaandele gedurende hierdie tydperk was grootliks toe te skryf aan die gewildheid van die „belastingvrye“ aandele wat die verenigings vanaf Maart 1968 kon uitreik. Die totale bedrag wat gedurende die tydperk Maart tot Julie 1968 in hierdie aandele belê is, het R182 miljoen bedra, waarvan R51 miljoen nuwe kontantbeleggings, R104 miljoen omsettings van ander aandele en R27 miljoen oordragte vanaf depositorekeninge verteenwoordig het. Op 22 Augustus het die Minister van Finansies 'n verdere toegewing met betrekking tot hierdie aandele aangekondig, ingevolge waarvan die tydperk waarvoor die rente belastingvry sou wees, vanaf 31 Maart 1971 tot vyf jaar vanaf die datum van uitreiking verleng is.

Die verbeterde posisie van die bouverenigings is ook in hulle leningsbedrywigheide weerspieël. Nie alleen het hulle uitstaande verband- en ander lenings gedurende die tydperk April tot Julie 1968 met R39 miljoen, wat bykans dubbeld die bedrag van die toename gedurende die eerste kwartaal was, toegeneem nie, maar die koers waarteen nuwe voorskotte toegestaan is, het gedurende hierdie tydperk tot 'n gemiddeld van R36 miljoen per maand gestyg, vergeleke met R22 miljoen vir die eerste kwartaal. Hierbenewens het hulle hul besit aan likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings met R44 miljoen vergroot wat die oorskot van hierdie beleggings bo die statutêre minimum tot R117 miljoen aan die einde van Julie verhoog het.